# Bestaan die duiwel regtig?




’n Bybelse perspektief op Satan se aard, geskiedenis, funksies en rolle.

Christene is vandag baie onseker oor hoe die duiwel gesien en hanteer moet word weens soveel verwarrende boodskappe uit die sekulêre wêreld en soms ook die kerk. ***Bestaan die duiwel regtig?*** stel dit duidelik dat Christene nie ’n ongesonde beheptheid met die Bose moet hê nie, maar ook nie onkundig moet bly oor hom nie. Dit ondersoek Satan objektief in terme van sy aard, geskiedenis, funksies en rolle vanuit die perspektief van die Bybel. Die volgende punte word gedek:

- Die ontstaan en algemene funksies van die Satan.
- ’n Oorsig oor Satan se geskiedenis.
- Satan se verlies van sekere funksies ná die aardse optrede en hemelvaart van Christus, asook die rol van gelowiges in die stryd teen die Bose.
- Die vraag of daar boosheid kan wees in nie-lewende objekte, soos ornamente, beeldjies en geboue.
- Demoniese besetenheid en bepaalde sielkundige probleme.
- Die nuwe verstaan van talle psigiatriese toestande, met spesifieke verwysing na Dissosiatiewe versteuring.

| | |
|---|---|
| **Publikasie:** | Einde Januarie 2009 |
| **Kategorie:** | Christelike leefwyse |
| **Teikenmark:** | Algemeen |
| **Grootte:** | 131 x 193 mm |
| **Bladsye:** | 136 |
| **Omslag:** | Sagteband |
| **ISBN:** | 978-1-77000-648-5 |
| **Prys:** | R79,95 |

## KORT KOPIE

Christene is vandag baie onseker oor hoe die duiwel gesien en hanteer moet word as gevolg van soveel verwarrende boodskappe uit die sekulêre wêreld en soms ook die kerk. ***Bestaan die duiwel regtig?*** ondersoek Satan objektief in terme van sy aard, geskiedenis, funksies en rolle vanuit die perspektief van die Bybel sodat gelowiges hom kan herken en teenstaan.

## OOR DIE OUTEURS

**Stephan Joubert** is buitengewone professor in Nuwe Testament aan die Universiteit van Pretoria en is ook redakteur van ’n groot e-kerk op die internet. Daar het al verskeie boeke uit sy pen verskyn waarvan hy die outeur of mede-outeur is. Hy is getroud met Marietjie en het twee dogters, Tarien en Elani.

**Jan van der Watt** is ’n internasionaal erkende teoloog en die bekroonde skrywer, redakteur of medewerker van meer as 40 publikasies. Hy is die hoofredakteur van die *Review of Biblical Literature* en ’n subredakteur van *De Gruyter’s International Encyclopedia of the Bible,* tans die mees omvangryke internasionale projek in die veld van Bybelse akademiese publikasies. Jan is hoof van die Departement Nuwe-Testamentiese Wetenskap aan die Universiteit van Pretoria en het al by universiteite in verskeie lande in Europa, die VSA, Korea en Rusland gedoseer.

**Gys du Plessis** is ’n mediese dokter. Hy bied reeds die laaste nege jaar verhoudingswerkswinkels aan oor die hele land en bied gereeld heelheidseminare aan vir leiersgroepe rondom stres, uitbrandsindroom en algemene werksverhoudings. Hy skryf ook ’n maandelikse verhoudingsrubriek vir die tydskrif *Lééf.* Hy is medeleraar van Mosaïek-gemeente en getroud met Susan. Die egpaar het drie kinders.

## UNIEKE VERKOOPPUNTE

- Bekende en gerespekteerde teoloë.
- Aktuele onderwerp.